# KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

**JAARGANG 6 NUUSBRIEF 1 (1ste) 12 JANUARIE 2011**

## UIT DIE HOOF SE PEN!

***VERKOOP JOU VOORBEELD***

KENMARE KAMPIOEN-OUERS

***Welkom terug aan elke Kenmare Kampioen-ouer ! Mag u in 2011 in Sy genade baljaar en die wysheid en insig ontvang om die regte besluite ten opsigte van u kind se opvoeding te neem en deur te voer. Mag u vennootskap met Kenmare, u in 2011 opnuut laat glimlag. Kom ons verkoop in 2011 die regte voorbeeld aan ons kinders – Sterkte !***

KENMARE KAMPIOEN KINDERS

Welkom terug ! Die personeel is gereed om jou te help om van 2011 'n Kampioenjaar te maak. Kies vandag om jou kant te bring sodat 2011 vol mooi oomblikke kan wees. Onthou:

- Gehoorsaam en respekteer jou ouers en onderwysers
- Sien die mooi in ander raak
- Leef in geloof
- Lag elke dag
- Werk slim en hard
- Speel slim en hard.

***Wees trots op Kenmare - Kenmare is trots op jou***!

ALLE NUWE KENMARE KAMPIOEN-OUERS EN KINDERS

Welkom by u tweede huis waar u en u kind veilig kan voel om die lewe te ontdek. Mag u spoedig tuis voel en begin deel in die aktiwiteite van die Kenmare-familie. Vra vrae, maak voorstelle, raak betrokke en word deel van ouers en onderwysers wat dinge tot voordeel en in belang van kinders doen. Word deel, neem deel en bly deel van ons span "studente van die lewe". Geniet Kenmare!

2011 SKOOLBESTUUR EN HUL FOKUSAREAS

In ons voortgesette strewe na gehalte dienslewering asook die versekering van standaarde van uitnemendheid, is die skoolbestuur en hul fokusareas soos volg aangepas en verfyn vir 2011:

- Mnr Kallie – Hoof:
  Personeelontwikkeling ,
  Toelatings 2012 ,
  Begrotingsbestuur en
  Strategiese beplanning.

- Juf MM – Adjunkhoof 1:
  GDO-kommunikasie, Admin kantoor , Akademie (Intermediêre en Senior Fase)
- Mnr Senings – Adjunkhoof 2 [Wnd]:
  Buite-kurrikulêre program {sport en kultuur} en Inligtingstegnologie
- Juf Katinka – Afdelingshoof Kleuterskool:
  Bestuur van Knikkie Kleuterskool
- Juf MJ – Departementshoof Grondslagfase:
  Akademie Grondslagfase , leerderwelstand van gr 1-3 leerders en prestasiemeting van personeel.
- Juf Haneli – Departementshoof Spesialisprogramme: Bestuur van verryking , kinderkinetika, RO , mentorskapprogram , KDA [Menslike Bewegingskunde] program.
- Juf Bridget – Departementshoof Bemarking en Fondsinsameling:
  Bemarking en fondsinsamelings.
- Juf Hermine – (nuut) Departementshoof Dissipline:
  Algemene skooldissipline [Neem waar as 2de adjunkhoof in derde kwartaal]
- Mnr Alwyn – Departementshoof Fasiliteite:
  Veiligheid , voertuie asook geboue en terrein [Neem waar as 2de adjunkhoof in tweede kwartaal]
- Mnr Cobus – Departementshoof Leierskapontwikkeling en Leerderwelstand: Leierskapprogram van leerders asook die leerderwelstand van gr 4-7 leerders.

U word uitgenooi om die relevante bestuurslid te kontak indien u in die loop van die jaar inligting benodig , uitdagings ervaar of voorstelle wil maak. Indien die regte kanale gevolg word, behoort u spoedige reaksie en terugvoer te ontvang.

***Ons 3 kandidate vir die interne pos van 2de adjunkhoof wat elkeen vir 'n kwartaal gaan waarneem.***

## WELKOM AAN ONS NUWE JEUGWERKER

Pierre Human is Kenmare se nuwe jeugwerker! Hy begin hierdie jaar sy onderwysstudies aan UNISA, en is in samewerking met die Krugersdorp Jeugforum Trust , 3 dae per week by die skool gestasioneer. Sy hoof-fokusareas sal die CSV-program, emosionele ondersteuning aan leerders asook sportafrigting wees. Sien uit na jou bydrae Pierre! (Natuurlik ook 'n oud-Kennie-Kampioen!)

## NUUT BY GR 3

***Juf Mariana (Graadhoof)verwelkom Juf Anél***

Juf Anel sluit by ons gr 3-span aan. Kenmare is bevoorreg om hierdie oud-Kennie (Hoofleier...!!) en briljante juffrou as nuwe personeellid te verwelkom. Sy is in die plek van Juf Michelle Lee wat verhuis het. Geniet Kenmare juf Anél!

## NUWE INTERMEDIêRE FASE PERSONEEL

***Bekend maar nuut vir 2011!***

Juf MM, Akademiese Hoof (middel) saam met Juf Anita, EBW gr 5 en 6 (links) en Juf Juliette, Afr gr 4 , NW gr 4 (regs).

Om gehalte onderrig te verseker, is daar in 2011 ook 5 gr 4-registerklasse!

Juf Juliette keer van die
Noord-Kaap af terug na Kenmare en juf Anita,
wat ook betrokke is by die begeleiding van die seniorkoor, sluit vir ten minste die eerste kwartaal by ons aan. Hul bydrae, sal verseker tot voordeel en in belang van ons kinders wees! Sterkte!

BLY BEKEND – MAAR IN 'N NUWE ROL

***Juf Chani (Afrikaans gr 5 en 6)***
***saam met Juf RiQ (vakhoof Afrikaans)***

Soos u bewus is, het Juf Ronel verhuis. Juf Chani keer in haar plek terug na die Afrikaanse Department. Haar kundigheid en toewyding sal beslis tot ons kinders se voordeel strek – geniet die Afrikaanse Departement juf Chani!

GEHALTE GRAAD 1-ONDERRIG

Hoe verseker 'n mens 'n gehalte graad 1-jaar met 176 graad 1's? Toegewyde personeel, doeltreffende hulpmiddels, volgehoue ondersteuning en dan in 2011 ...Opvoedkundige Assistente in 5 van die 6 gr 1-klasse!

Ons verwelkom ons opvoedkundige assistente wat gaan help om ons graad 1's se eerste skooljaar glad te laat verloop. Hierdie assistente is almal onderwysstudente wat in samewerking met die NWU deel van ons Mentorskap-program uitmaak.

Hulle is soos volg ingedeel:

***Juf Jaenice by juf Marina ; Juf Anika by Juf Linda ;***
***Juf Alna by juf Haneli ; Juf Nina by Juf Anna-Marie***
***en Juf Marisa by juf Karin.***

***Juf Lelani*** se klas funksioneer sonder 'n opvoedkundige assistent aangesien sy slegs 24 leerders het. Ons sien opgewonde uit na die impak van hierdie program.

NUUT BY GRAAD 1

***Juf Anna-Marie (Gr 1) word deur***

***Juf MJ, Departementshoof GF verwelkom***

Juf Anna-Marie sluit hierdie jaar as die sesde gr 1-juffrou by ons aan. Haar kundigheid verryk ons skool en ons is dankbaar om iemand van haar kaliber by Kenmare te verwelkom. Ons weet ons gr 1-maats gaan haar baie geniet – welkom juf Anna-Marie!

## KNIKKIES VERWELKOM 5 ASSISTENTE

***Ons 5 assistente saam met juf Katinka: Dora (Juf Katinka), Cynthia (Juf Yolanda), Desree (Juf Johanette), Johanna (Juf Michelle), Betty (Juf Janine) en Eliza (Juf Antonette) reeds 2010***

Juf Katinka verwelkom die nuwe assistente by gr R wat die Knikkie juffrouens gaan bystaan om te verseker dat die onderrigprogram vlot kan verloop.
Geniet Kenmare se Knikkies!

Ons verwelkom ook mnr Paul Grobler (links) as IT-kundige by Kenmare. Hy fokus suiwer op die IT en ons glo dat dit sal bydra om Kenmare se IT na 'n volgende vlak te neem.

## AANBOUINGS FEITLIK VOLTOOI

Ons vra mooi - byt asb nog net 'n klein rukkie vas, dan kan ons almal die voordeel van die aanbouings geniet. Die volgende aanbouings is deel van hierdie projek :

- 2 ekstra seniorfase klasse [voltooi]
- Aparte toiletblok vir Knikkies
- Ekstra toilette vir seniorfase
- Personeelkamer

} feitlik voltooi

BELANGRIKE INLIGTINGSAANDE – DATUMS

***Dagboek asb dadelik die volgende belangrike datums vir inligtingsaande :***

- ***Knikkie-inligtingsaand in saal : 13 Januarie 2011 (18:30)***
- ***Gr 4-inligtingsaand in klasse : 17 Januarie 2011 (18:30)***
- ***Gr 7-inligtingsaand in saal : 17 Januarie 2011 (18:30)***
- ***Gr 1 tot 3-ontmoetingsaand in klasse : 18 Januarie 2011 (18:30)***

BELANGRIKE FINANSIëLE INLIGTING

***ONDERRIGGELDE 2011***

***Skoolgelde is vooruitbetaalbaar vanaf 01 Januarie 2011 en strek tot 01 November 2011.***

***Die Beheerliggaam doen 'n beroep op ons ouers om asseblief stiptelik u verpligtinge na te kom met die betaling van skoolgeld. Die skool het ook maandelikse verpligtinge wat nagekom moet word en is afhanklik van skoolgeld. (Voor die 7e van elke maand)***

***DEBIETORDERVORMS***

***Debietordervorms moet jaarliks weer voltooi word. U ontvang vandag 'n vorm vir 2011. Die vorm is geldig vir 10 maande, vanaf 01 Februarie 2011 tot 01 November 2011. Januarie se betaling moet u asseblief so spoedig moontlik inbetaal of skool toe stuur.***

***Ons rig 'n vriendelike versoek : Ouers, maak asseblief van debietorderfasiliteite gebruik om u skoolgeld te betaal. Dit skakel baie risiko's uit en verminder die hantering van kontant by die skool.***

***Slegs <u>EEN</u> debietordervorm per gesin word voltooi. Stuur dit asseblief voor of op <u>24 Januarie 2011</u> terug skool toe. Ander betalingsmetodes is elektroniese oorplasings of direk by die bank. Vermeld asseblief u kind se verwysingsnommer bv. (3Bade04) by die skool, asook die naam en van. Indien moontlik faks die bewys van betaling na die skool (011) 955 1075.***

***<u>BANKBESONDERHEDE</u>:***
***ABSA: Krugersdorp REK NO:01099240152 TAKKODE: 632 005 NAAM: Laerskool Kenmare***

SKOOLGELDE 2011 Graag gee ons die onderriggelde vir 2011 aan u deur:

| AANTAL LEERDERS | GELDE PER MAAND VIR 11 MAANDE | GELDE PER JAAR |
|---|---|---|
| **1** | **670 -00** | **7 370 -00** |
| **2** | **1 220 -00** | **13 420 -00** |
| **3 of meer** | **1 680 -00** | **18 480 -00** |
| **GRAAD R** | **1 000 -00** | **11 000 -00** |

Ouers kry 10% korting indien onderriggelde in totaal betaal word voor of op 28 Februarie 2011

***Dankie dat ons weereens hier op u samewerking kan staatmaak!***

# WELKOM BY DIE "REGTE" GROOT SKOOL!!

***PERSONALIA***

***Baie geluk aan Juf Anél Ferreira (Gr 3) met haar verjaardag vandag, 12 Januarie! Geniet die dag by Kenmare***

*Ons bied Graad R aan asook Naskoolfasiliteite.*
*Kinders word vervoer vanaf skool na Kleuterskool.*
*Etes ingesluit. Tye vanaf 06:00 tot 18:00.*
*Kontak gerus vir Annatjie of Chrissie by*
*011 954 2153 of e-pos annatjie@kinnerlant.co.za*
*vir verdure inligting.*
*Kom besoek gerus ons skool!*

Kinnerlant
Kleuterskool / Nursery School
Babas / Kleuters / Naskool / Partytjie Fasiliteite
Babies / Toddlers / After Care / Party facilities
011 954-2153
www.kinnerlant.co.za

**Ons bied aan U 'n vars nuwe perspektief op 'n naskool sentrum.**

- Maandag tot Vrydag direk na skool tot en met 17h45, stiptelik.
- Gebalanseerde maaltyd daagliks.
- Happie-tyd 16h00.
- Koeldrank vrylik beskikbaar.
- Snoepwinkel vir soetigheid.
- Opgeleide personeel en speelgrond toesig.
- Buitemuurse aktiwiteite.
- Oorgenoeg speel areas, met lieflike groot bome

Kennies Akade